Towerlantern Fotografie

fotografienuus

oktober 2021

Kleur-kaleidoskoop

Lensopening: f22; Sluiterspœd: 0,6 sekonde; Fokale lengte: 100 mm

Die lekkerte van 'n fotografiereis is dat dit jou by nuwe plekke en fototonele bring. Daar mag wel nuwe uitdagings wees, maar dit is alles deel van die pret. En as jy dalk nie onlangs kon reis nie, maar mœs tuisbly, beskou dan *Fotografienuus* as jou gereelde fotografie-reisgenoot. Kom reis dus saam op vandag se minitœr.

'n Fotogenre wat baie tœganklik is vir alle fotograwe – van beginner tot professioneel – is abstraktekleurfotografie. En die lekkerte van hierdie genre is dat jy dit nie net tydens reise na verre lande en plekke kan beœfen nie, maar selfs tuis by jou huis. Ons wil jou met hierdie uitgawe ook op so 'n reis neem.

In hierdie uitgawe van *Fotografienuus* kan jy ook meer lees oor Lydia le Roux en André Victor se persoonlike fotografie-"reise". Mœt beslis nie daarby verbyry nie.

Johan

Redakteur: Johan de Klerk
Bladuitleg: Fransa van Colourcode Designs

Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrief? Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie. Ons ontvang ook advertensies, dœn gerus navraag.

voorbladfoto

Het jy dit al ervaar dat jy vir iemand een of ander toneel beskryf, byvoorbeeld 'n besondere landskap op 'n reis, en dat jy in jou beskrywing van die toneel dit effens oordryf of onderspeel? Nie om te lieg nie, maar bloot net om 'n sekere gevœlswaarde oor te dra.

In ons foto's dœn ons presies dieselfde – altans, dit behoort die bedœling te wees en iets wat jy mœt nastreef. Die voorbladfoto is so 'n voorbeeld, naamlik om met behulp van kamerabeweging en 'n relatief stadige sluiterspœd (0,6 sekonde) 'n gevœlswaarde oor te dra van kleurwaarneming en nie van 'n itembeeld (plante in dié geval) nie.

Die skilder JH Pierneef het juis so 'n gevœl in sy skilderye gesit, eerder as om net 'n prentjie van die werklikheid te gee. Die foto-afbeelding van Pierneef se *Komposisie in Blou* bevestig hierdie opmerking.

'n Onbekende skrywer van *NLA Design and Visual Arts* (Argief Januarie 2013) stel dit mooi met die volgende beskrywing oor Pierneef se Suid-Afrikaanse landskappe: "We take it for granted that the camera shows us what is 'real', but it only captures a moment. Pierneef gives us a highly stylised version of the world, that conveys a reality far truer to our memory and our emotional recall of the South African landscape. What he shows in a landscape is how a particular moment impresses upon our senses and emotions when we first encounter an awe inspiring scene in nature. *Often when we take a picture of what we see we are disappointed because it lacks the drama we remember* [ons kursivering]."

ABSTRAKTEKLEUR-FOTOGRAFIE

Abstraktekleurfotografie is een manier – soos byvoorbeeld by ons voorbladfoto – om met kleur die gevœl, die impressie, wat jy ervaar oor te dra. Kry die tegniek onder die knie en pas dit tœ op jou volgende reis.

Ons het in ons inleidingsartikel genœm dat abstrakte-kleurfotografie 'n baie tœganklike fotogenre is. Dit beteken natuurlik nie dat dit willekeurig en "reëlloos" is nie. Daar is onder andere steeds komposisie-elemente om in gedagte te hou. Om abstrakte*kleur*fotografie te verduidelik, mœt ons begin by wat abstrakte fotografie is.

Abstrakte fotografie behels die fotografering van onderwerpe wat losgemaak is van hul omgewing sodat dit nie onmiddellik herkenbaar is nie. Daar is baie moontlikhede, byvoorbeeld boombasse, wrakstukke en ou plaaswerktuie. Soos met enige ander fotogenre is dit net met œfening wat die vermoë ontwikkel word om abstrakte foto's raak te sien.

Om prakties te wees: Om abstrakte foto's in die werklikheid te sien en af te neem, is die uitgangspunte altyd kleur, vorm, tekstuur en lig. Oefen dus voortdurend om hierdie sake rondom jou raak te sien.

Towerlantern Fotografie
- oktober 2021 -

ABSTRAKTEKLEUR-FOTOGRAFIE
(vervolg)

Ons nœm by die bostaande uitgangspunte kleur eerste. Vir ons dœl, naamlik abstrakte-kleurfotografie, benadruk ons dus maar slegs kleur by elke toneel.

Om 'n waardering te kry van abstrakte fotografie en in die besonder abstrakte*kleur*fotografie, is dit die beste om na voorbeelde te kyk. Daar is baie webblaaie om na tœ te gaan en jy kan maklik verstrik raak. Om te help beveel ons die volgende aan:

- Kyk na Stephanie Kay-Kok se *40 beautiful examples of abstract photography*. Neem ook kennis van die kamerategnieke wat gebruik is, waaronder 'n groot lensopening vir bokeh en kamerabeweging vir impressie. Bron: https://www.thephotoargus.com/abstract-photography-ideas/
- Gaan na die aanlynfirma Saatchi vir meer as 1000 skilderye wat te koop is. Let veral op na die pryse. As jy nie kans sien om dié pryse te betaal nie, beskou dit dan as motivering om jou eie kunswerke te skep. Bron: https://www.saatchiart.com/paintings/abstract-colour/feature

Towerlantern Fotografie
- oktober 2021 -

RIGLYNE VIR ABSTRAKTEKLEUR-FOTOGRAFIE

KAMERA-INSTELLING

Aanvaar die volgende:
Die abstrakte toneel is voor jou, die kamera is op 'n driepoot, die komposisie is ongeveer reg en 'n rowwe fokussering is reeds gedœn. Volg die meegaande voorskrifte.

TIPE LENS

Vul die foto so gœd as moontlik. Eksperimenteer self met die regte lens(e) en varieer die keuses.

FORMAAT

Kies volgens behœfte.

ISO

Stel die ISO laag, byvoorbeeld 100-200.

WITBALANS

Stel die witbalans (vir natuurlike of kunsmatige lig) volgens die ligomstandighede.

KEUSE VAN FOKUSPUNT EN ROWWE FOKUSSERING

Besluit aanvanklik op 'n fokuspunt wat ook die trefpunt van die abstrakte foto is. Varieer die keuse

LENSOPENING

Kies 'n middelgrootte lensopening vir die toneel maar varieer dit ook.

SLUITERSPOED

Verstel die sluiterspœd met behulp van die liniaal vir die korrekte beligting. Oor- of onderbelig soos nodig.

FYN FOKUSSERING

Maak gebruik van die LCD-skerm en sorg vir 'n absolute skerp fokussering van die fokuspunt.

Towerlantern Fotografie
- oktober 2021 -

van ons
lesers

Die lekkerte van fotografie

Lydia le Roux

Ek is Lydia le Roux en ek is 'n Kompulsiewe Fotonemer.

Daar is niks in hierdie lewe so lekker as om foto's te neem nie. Ek dœn my nie voor as professionele fotograaf nie, dit klink na werk. Met Johan se fotografiekursusse leer 'n mens tog toor met enige kamera.

Vir my is daar niks so bevredigend as om kamera in die hand die wêreld vol te stap nie. Ons is bevoorreg om hier op 'n plaas naby Eendekuil, naby Piketberg, te bly: omring van berge, en 'n ongelooflike uitsig so ver as die oog kan kyk.

Hier is 'n rykdom natuurfoto's met horingoue olienhoutbome, diere en goggas en voëls. En daar's water! Soms te min, soms meer. Pœletjies en moddergate, damme met rimpels en weerkaatsings en wilde gansies.

Daar is seisœnfoto's ... om elke jaar in die lente by elke blommetjie te buk en weer en weer af te neem. Tans, begin September, in die Weskaapse winter is die koring grasgrœn, die Kanola goudgeel en plate veldblomme net waar jy kyk.

Binnekort keer alles weer na "normaal" terug – vaal en kaal, tog met 'n ryke verskeidenheid stofbruin bossies en grondpaaie in verrassende skakerings van bruin. My persoonlike gunsteling is die baie klippe: reusagtig groot of piepklein, sommige beklee met kleurryke mos.

Nog 'n gunsteling is om tussen hope gerœste rommel rond te krap en stom te staan oor vreemde vorms en kleure en tekstuur wat in kunsfoto's omgetower kan word.

En nou – die groot voorreg en lekkerte van kleinkindfoto's! Rekordfoto's vir elke mylpaal in jou lewe en sommer die klein mensies s'n ook.

Daar is geen einde aan fotomoontlikhede nie; veral lekker is die uitdaging om na daardie spesiale foto te gaan sœk. Mag ons fotografie nog lank aanhou!

van ons
lesers

Die genot van fotografie

André Victor

My voorliefde met fotografie is om voëls se voorkoms en gedrag in hul natuurlike omgewing uit te beeld. Dit bly 'n uitdagende onderwerp met eindelose verrassings en ervarings wat verskil van geleentheid tot geleentheid. Dit motiveer my ook om rond te reis om my "gefotografeerde voëllys" uit te brei. My fotografiese vernuf word altyd tot die uiterste op die prœf gestel, aangesien voëls normaalweg nie sit en wag totdat hulle "geskiet" word nie. So bevat baie van my "flop foto's" slegs net die stert of pote van andersins pragtige voëls.

Ek is bevoorreg om my aftrede in die middel van die Tuinrœte deur te bring, waar ek tans woonagtig is. Alles het 'n paar jaar gelede begin in Potchefstroom, waar ek 'n Eerstevlak Fotografiekursus by Towerlantern geneem het. Ek het ook twee keer die Gevorderdevlak kursus voltooi. Rondevlei-voëlskuiling naby Wildernis is my gunsteling "uithangplek". Gereelde besœkers daar is visarende, jakkalsvoëls, flaminke, reiers, visvangers, lepelaars en snippe om maar 'n paar te nœm.

Dit laat my dink aan die dag tœ ek in die skuiling gesit en wag het vir daardie een uit 'n duisend foto wat nie altyd realiseer nie. Ek het tœ buite die skuiling gegaan met my kamera. Skielik, van onder die water, het 'n slanghalsvoël met 'n yslike groot vis verskyn. Ek het dadelik begin foto's neem totdat die vis in die Slanghalsvoël se keel af verdwyn het.

Ek het ook 'n visvangertjie afgeneem wat hom/haarself in die eenrigting glasvenster-"spieël" van die skuiling bekyk en sê: "Jy's darem pragtig jong!" Die foto van die Visvangertjie het 'n kategorie van SANParke se Fotokompetisie daardie jaar gewen.

Ek is ook lief om aksiefoto's te neem. Ek glo dat 'n fotograaf wat die mœite dœn om op die regte plek op die regte tyd te wees, sal daardie pragfoto kan neem. Tans behoort ek aan die George-kameraklub en geniet my fotografie terdeë.

WERD om te WEET

EKSTREME FOTOGRAFIE

Google die term *extreme photography* en jy maak 'n deur oop wat jy dalk nog nooit betree het nie.

Ekstreme fotografie kan baie dinge beteken. Hier is 'n paar voorbeelde:

- Foto's geneem vanaf hoogste hoogtes of vanuit diepste dieptes.
- Foto's van belangrike persone, skelm geneem deur paparazzi.
- Foto's van ekstreme sportsoorte soos branderplankry of *kloofing*.
- Foto's van naakmodelle – maar hier kan verskil van mening wees.

Die punt wat ons maak is dat daar fotogenres is wat buite bereik van gewone fotograwe is – miskien weens gebrek aan fondse of fototonele.

Mœt egter nie mœd opgee nie! Daar is "makliker" (en "makker") fotogenres wat ook deurgaan as ekstreme fotografie. Josh Rose skryf in sy artikel *Epic photography techniques – on shooting the extreme* meer hieroor. Lees gerus wat hy sê en besef dat jy ook sulke foto's kan neem. Al wat jy nodig het is 'n gœie kamera en kamerakennis.

Van die tegnieke wat Rose beskryf is ekstreme hœke (soos die foto hierby), ekstreme makros, ekstreme wydtes, ekstreme perspektiewe, ekstreme lig en ekstreme agterbeligting.

Bron: https://medium.com/s/the-photographers-almanac/epic-photography-techniques-e1991860e07a

Towerlantern Fotografie
- oktober 2021 -

ONS WEKE – *ons dae*

Ons het verlede maand gesels oor ons kalender, en in besonder die herkoms van ons maandname. As jy dit nog nie gelees het nie, gaan lees dit gerus.

As jy gedink het die herkoms van ons maandname is 'n mœilike affêre, dan mœt jy nou versigtig verder lees. Ons gaan gesels oor die herkoms van ons dagname: Sondag, Maandag, ..., Saterdag. Maak jou veiligheidsgordel vas en lees verder. Ons sal die saak puntsgewys verduidelik vir maklike begrip.



- Die vrœëre siening – en ons gaan so ver terug as die Babiloniërs en Mesopotamiërs – was dat die aarde die middelpunt van alles was. Die bewegende hemelliggame was volgens dié siening die volgende (van naaste aan die aarde tot verste weg): Maan, Merkurius, Venus, Son, Mars, Jupiter en Saturnus.
- Die verdere siening van die Mesopotamiese sterrekykers was dat 'n planeet-god waak oor elke uur van elke dag. Die Saturnus-god het byvoorbeeld gewaak oor die eerste uur van Saterdag, die Jupiter-god oor die tweede uur, tot by die Maan-god oor die sewende uur. So het dit, met herhaling, verloop deur die 24 ure van Saterdag.
- Die volgende dag se eerste uur was dit die beurt van die Son-god se waak, en dus was dié dag Sondag, ensovoorts. Om die volgorde te onthou is gebruik gemaak van 'n diagram soos wat hier weergegee word. Die dæ is dus (in ons terme) genœm: Saturnus-god, Son-god, Maan-god, Mars-god, Merkurius-god, Jupiter-god en Venus-god.
- Deur die eeue heen het dié gebruik behoue gebly, ook by verskillende bevolkings. Oral is dit aangepas volgens die bepaalde bevolking se ooreenstemmende gode.
- So het ons uiteindelik in oud-Engels die volgende: Sunnandæj, Monandæj, Tiwezdæj, Wodnezdæj (Germaanse god Woden), Thunrezdæj (Germaanse god

ONS WEKE – *ons dae*

(vervolg)

Thunor, donder), Frijedæj (die godin Frige of Freya) en Sæturnusdæj, waaruit die moderne Engelse terme herken kan word.

- Soortgelyk het ons ook in Middel Læ-Germaans die volgende: Sunnedag, Manedag, Dingesdag, Wodenesdag, Donersdag, Vridag en Satersdag, waaruit die Afrikaanse name herken kan word.

Besef dus dat ons dagname maar 'n obskure herkoms het. As jy in meer detail belangstel, gaan na die skakel hierby.
Bron: https://en.wikipedia.org/wiki/Names_of_the_days_of_the_week



FOTO-idees

Idee 1: Kunswerk

Sœk na abstrakte kunswerke, of skep self een of meer, en neem foto's daarvan.



Towerlantern Fotografie
- oktober 2021 -

Kunswerk, Copperwing, Hænertsburg

FOTO-idees

Idee 2: In jou tuin

Neem foto's in jou tuin met die klem op kleur. Laat dit 'n homogene kleur wees van ongeveer 80 persent. Sorg vir 'n trefpunt.



FOTO-idees

Idee 3: Kamerategniek

Gebruik 'n groot lensopening en maak gebruik van selektiewe fokussering om 'n foto te kry waarin meer as 50 persent van die foto onskerp kleur is.



FOTO-idees

Idee 4: In jou omgewing

Neem foto's van enigiets met kleur in jou omgewing. Sorg dat die oorspronklike onderwerp totaal onherkenbaar is. Jy mag ook kleur bywerk.

Towerlantern Fotografie
- oktober 2021 -

OP INTERNET GESIEN

Ons het hierdie foto raakgeloop op Ryan Warneke se Facebook-blad. Gaan maak daar 'n draai en waardeer saam met ons die mooi plekke in ons land. Let ook op dat sy foto's nie net rekordfoto's van spesifieke plekke is nie, maar dat dit telkens 'n treffende komposisie het. Die kleure, lyne en vorms skep 'n interessante fokuspunt en hou die kyker gebœi.

Adres: https://www.facebook.com/CaptureInTheRy

FOTO-UITSTALLING

Ons het gedurende September 2021 ons jaarlikse foto-uitstalling gehad. Omdat dit aanlyn is, kon ons meer kykers kry as wanneer dit 'n plaaslike uitstalling in Potchefstroom sou wees – een van die positiewe gevolge van die Covid-19-inperking.

Hœwel die uitstalling vir September geadverteer is, gaan dit gelukkig nog steeds voort – nog 'n positiewe gevolg van die huidige inperking. Baie dankie aan al die uitstallers. Kyk daarna by https://youtu.be/tD67EVYZCzg

Kyk gerus ook na die 2020-uitstalling by https://youtu.be/mfCJWGmFlpA

Besœk ook – vir foto-inspirasie – my eie fotoreeks, getiteld *Die lied van die wœstyn*, by https://youtu.be/Dz-Xm2VB4WI

waardering van lesers

Braam Pieterse: Dankie vir die jongste uitgawe van *Fotografienuus*. Dis baie besonders! Die foto's is ongelooflik mooi, gœd professioneel en treffend! Ek wonder net altyd wat alles vooraf gedœn mœs word om die foto's te neem.

Jan Geertsema: Ek het nou net na die foto-uitstalling op You Tube gekyk. Indrukwekkend. Geluk daarmee!

Sampie Stoffberg: Dankie Johan; dié is die hoogtepunt in my maand. Al die ander e-posse is besigheid en werk.

Tersia Andrews: Jitte … weereens lekker gelees … baie dankie. Die minimalistiese foto's en wenke is inspirerend. Die stukkie van Johann Nel was vir my oullik, veral gesien in die lig dat my oog op Zandvoort in Nederland is met die F1 hierdie naweek [begin-September]. Die almanak-stukkie was ook baie interessant.

Veronica Heersink: Baie dankie weereens vir die maandelikse nuusblad – soos altyd heerlik om te lees met hope inligting! My dank en waardering vir 'n pragtige ontspanne foto-uitstalling. Niks is lekkerder as heerlike stomende koffie en 'n stapel uitstekende foto's daarmee saam nie!